

Cok den Hertog 1996 – Het zonderlinge karakter van den godsnaam. Literaire, psychoanalytische en theologiese aspekte van het roepingsverhaal van Moses (Exodus 2.23-4.17)

Zoetermeer, Nederland: Uitgeverij Boekencentrum. 272 Bladsye. Prys: f 42,50

Resensent: Prof P M Venter (Universiteit van Pretoria)

Hierdie publikasie is 'n verwerking van die proefskrif wat die outeur aan die Universiteit van Amsterdam in 1996 ingedien het. Dit is in hoofsaak 'n eksegetiese studie van die roepingsverhaal van Moses in Eksodus 2:23 tot 4:17.

Den Hertog identifiseer homself met die eksegetiese metodes van die "Amsterdamse Skool". Soos hy by hulle geleer het, gee hy aandag aan die taalkundige en literêre aspek van die teks, die makrokonteks van die vertelling en die wordingsgeskiedenis van die teks sowel as die historiese agtergrond van die verhaal. Daarby voeg hy ook nog 'n belangstelling van sy eie en ondersoek die teks vanuit 'n psigo-analitiese hoek.

Die skrywer is veral geïnteresseerd in die "Ek is"-uitsprake wat in die roepingsverhaal voorkom. Om dit te bestudeer maak hy van baie deeglike en sterk gedetailleerde woordondersoek gebruik. Hy verdiskonteer die massa navorsing wat al oor hierdie gedeelte gedoen is en soek telkens na die moontlikste betekenis van die woorde in die Hebreeuse teks. Hy doen dit deur nie net verskillende bestaande verklarings teen mekaar op te weeg nie, maar ook deur noukeurige aandag aan die sinsbou en die groter konteks van die vertelling te gee. Sake in die teks wat uitvoerige aandag kry, is die uitdrukking "God van jou vaders", die "teken" van God in Eksodus 3:11-12, die profetiese Naam van God ('Ek is wat Ek is') in Eksodus 3:13-15 en die opdrag om in die Naam van God te gaan praat.

Den Hertog maak nie 'n deurtastende narratologiese analise van die roepingsverhaal nie. Hy dui ook nie die samehang aan van die verskillende eenhede waarin hy die vertelling verdeel het nie. Hy konsentreer egter baie sterk op die uitwerking van die teks in die vertelgebeure ('narration'). Die roepingsverhaal is volgens hom 'n latere toevoeging tot die Eksodusverhaal. Dit is vertel in die tyd van Nehemia of daarna, toe die maatskaplike posisie van die verteller hom daartoe gelei het om die magsbasis van die priesters te probeer versterk deur hulle in assosiasie met Moses te bring en in verhouding met Jahwe te stel.

In sy psigo-analitiese ondersoek sluit Den Hertog hom aan by Lacan met sy teorie van die Ander. In die lig daarvan interpreteer hy die roepingsvertelling as 'n herordening van betekenis wat teweeggebring word deur die Israëliete te bevry van die spieëling van hulleself in terme van die Egiptiese farao en sy reëls en hulle te oordeel om hulle self te spieël in die Naam van Jahwe (die Ander) soos dit tot uitdrukking kom in die roepingsgebeure van Moses.

Die boek dra die tipiese kenmerke van 'n doktorsale tesis. Dit het uitvoerige verwysings en lang beredenerings. Dit lees nogtans maklik en die gang van die beredenering is maklik om te volg. Dit sou vir die meeste predikante en teologiese-geïnteresseerde lidmaat miskien te uitvoerig wees. Vir die vakwetenskaplike is dit egter uiters belangrike materiaal: dit bring nie net die navorsing op die bepaalde Skrifgedeelte op datum nie, maar open vars perspektiewe op 'n onderwerp wat al amper stof getrap is.